



TUIS | NUUS | SPORT | OOS-KAAP | SUID-KAAP | VIDEO | FOTO'S | SAKE24 | OPINIE | BRIEWE | BLOGS
 BUITELAND | VERMAAK | BOEKE | SPOTPRENT | PEILINGS | NETNAWEEK | MOTORS | STYL | REIS | BY
 LANDBOU | LESERSFOTO'S | WÊRELDSEKER 2010 | VIND: MOTORS | POSTE | EIENDOM

advertorial
African Palace Aanlyn Kasino – R8.5 miljoen boerpot gewen!
 Marie van Wyk is nou **R8.5 miljoen** ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en een spin het haar n onmid-delike miljoenêr gemaak en haar lewe heeltemal verander. "Ek het gesien my kasino balans was R8.5 miljoen! Ek is steeds oorstelp. Elke dag moet ek myself herinner dat dit nie 'n droom is nie!"
Kliek hier om African Palace te besoek & jy sal R100 kry om aanlyn te dobbel! Spelers moet 18 of ouer wees

**VERSEKERING**

Spaar by **OUTsurance**. Kliek hier vir huisinhoud-, besigheids- en **motorversekering**.

INSKRYWINGSVORM VIR 2009 SE VAKANSIESKOLE


Alle graad 10-, graad 11- en graad 12-Jippers kan uitsien na vanjaar se winter- en lenteskole. Skryf nou in vir Die Burger se Vakansieskole. **Kliek hier vir inskrywingsvorm**

LEEFSTYL SOEK MOOIESTE BRUIDSPAAR


Onthou, as jy nie inskryf nie, het jy nie 'n kans nie en loop jy groot pryse mis. Dit sluit kookware, 'n bederf, 'n naweek weg en ander pryse in. **Skrif in**

377 dae tot afskop
2010

Vermaak**Ewige student se klanke kom van hier**

RENÉE BELCHER VAN DEN BERG
STELLENBOSCH
28/05/2009 06:02:31 PM - (SA)

Die 21-jarige Kyle Shepherd is een van Kaapstad se jong jazz-kunstenaars wat al die tekens toon om een van die nuwe geslag ware Suid-Afrikaanse jazz-ikone te word. Sy debuut-CD, fineART, is in Januarie vanjaar uitgereik en is hoog aangeprys deur resensente en ander musikante in die bedryf. Sy komposisies is 'n uiters individualistiese klankbeeld van die talle invloede wat sy werk so eklekties en vernuwend maak. Daarby funksioneer dit ook as 'n soort liefdesode aan hierdie invloede – wat hy "musiek van die huis af" noem.

Jou debuut-album is met groot entoesiasme ontvang. Hoekom dink jy word jou musiek so geniet en waardeer? Wat maak dit anders as ander jazz-klanke in en rondom Kaapstad?

Ek wil musiek maak wat 'n eerlike en opregte uitbeelding is van wie ek is as 'n jong Suid-Afrikaanse musikant wat in Kaapstad woon. Daarom sal my musiek vanselfsprekend beïnvloed wees deur die wysies en ritmes van die huis af; deur die mengsel van mense en kulture waarmee ek grootgeword het. Wanneer ek eers 'n stuk geskryf en uitgevoer het, is ek geneig om dit "te laat gaan" sodat dit juis sy eie betekenis kan aanneem in die lewe van diegene wat dit hoor.

Die meeste van die ander jazz-musiek wat 'n mens in Kaapstad hoor, het hul wortels elders, hoofsaaklik in die Amerikaanse jazz-tradisie. Ek hét ook al die groot Amerikaanse meesters soos John Coltrane en Miles Davis bestudeer, maar my hoof- musikale invloede kom van hier – die goema, die klanke van die Kaapse Klopse, kerkmusiek, Afrika-musiek. Daarby word ek voortdurend beïnvloed en geïnspireer deur ons eie groot meesters soos Zim Ngqawana, - Abdullah Ibrahim, Errol Dyers en Robbie Jansen... om 'n paar te noem. By my medemusikante is daar 'n snel groeiende bewustheid van wat dit beteken om 'n Suid-Afrikaanse jazz-musikant te wees.

Jy is al in die media beskryf as "een van die hoof-argitekthe van moderne Kaapse jazz".

Ek voel baie geëerd om te hoor dat iemand so 'n grootse titel aan my sou toeskryf. Ek is egter slegs 'n beeld en refleksie van die groot geeste van ons tyd, soos Ibrahim, Ngqawana, Basil Coetzee, McCoy Mrubata en Bheki Mseleku. Maar ek sou ook graag wou dink dat ek as 'n jong Kapenaar en Suid-Afrikaan wat in hierdie tye leef, ook deel van 'n groter wêreld is. Juis hieroor kan dit wat my beïnvloed, nuut en uniek wees. Ek het ook 'n diep belangstelling in enigiets wat met kuns te doen het, soos die digkuns en die teater – en veral as dit in die vorm van diverse kulture, postmoderne musikante of Indiese klassieke musiek is! So, terwyl ek deurentyd bewus is van my wortels en waar ek vandaan kom, is ek ook bewus van wie ek is en waarheen ek gaan in hierdie globale konteks. Ek sal altyd 'n student van musiek, van die lewe wees...

Wie het die grootste invloed op jou gehad van al die kunstenaars met wie jy reeds gewerk het?

Ek moet vir Abdullah Ibrahim uitsonder. My studie van Abdullah en sy musiek het reeds in my ma se baarmoeder begin! My ma, Michele, het die viol in Abdullah se ensemble gespeel en ek was by al die repetisies vandat ek 'n baba was, regdeur my eerste paar treë en kindwees. As tiener het ek intens begin belangstel in jazz en geïmproviseerde musiek. Ek het besonderse herinneringe van hoe ek Abdullah dophou en luister terwyl hy oefen en optree. Hy kon ook die wonderlikste stories vertel!

Die persoon wat die grootste invloed op my musikale sowel as geestelike vlak gehad het, is ongetwyfeld Zim Ngqawana. Ek onthou dat ek hom so drie jaar gelede die eerste keer sien optree het in Grahamstad op die Nasionale Jeugjazz-fees. Hierdie ervaring het my



Kyle Shepherd Foto: **VERSKAF**

SOORTGELYKE ARTIKELS

Geen soortgelyke artikels

SOORTGELYKE MULTIMEDIA

Geen multimedia

SOORTGELYKE BLOG

Geen blogs

advertorial
African Palace Aanlyn Kasino R8.5 miljoen boerpot gewen!
 Marie vW is nou R8.5 miljoen ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en haar lewe het verander.
Kliek hier om African Palace te besoek & jy sal R100 kry om aanlyn te dobbel!

heeltal betower. 'n Jaar gelede was ek bevoorreg genoeg om deur hom genooi te word om vir 'n jaar by hom te woon en aan die Zimology-instituut te studeer.

As jy een wens kon maak oor die Suid-Afrikaanse kultuurlandskap, wat sou dit wees?

Dat ons as Suid-Afrikaners, en veral jong Suid-Afrikaners, as kunstenaars en mense moet leer om ons ryke skat van musiektradisies te ontdek en te omarm – sodat ons musiektooneel met groter trots 'n weerspieëling kan wees van wie ons is.-
)Shepherd en sy jazzorkes tree môre aand om 20:00 in die SAUK-ouditorium in Seepunt op. Shepherd (klavier), Buddy Wells (tenoor saxofoon), Shane Cooper (kontrabas), Jonno Sweetman (tromme), Lwanda Gogwana (trompet) en Ethan Smith (alt-saxofoon) tree op.

Kaartjies kos R80 en R60. Bespreek by 0723515204.

Teken in op Die Burger

PROMOSIE

Boerpot van R8,5 miljoen gewen op African Palace se aanlyn-casino
Marie van Wyk is nou R8.5 miljoen ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en een gooi het haar lewe vir altyd verander. Sy het oornag 'n miljoen geword: "My casino-balans was skielik R8.5 miljoen! Ek is steeds oorstelp van vreugde. Elke dag moet ek myself daaraan herinner dat dit nie 'n droom is nie." **Klik hier om African Palace te besoek en kry R100 gratis om mee te speel.**

Bespaar NOU met OUTsurance!

Kommer stygende lewenskoste jou? **Klik hier** en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou **versekering!**

VIND

- [Kom ons kliek](#)
- [Motors](#)
- [Reis & Verblyf](#)
- [Kontantlenings](#)
- [Beligting](#)
- [Eiendomsbelegging](#)
- [Wegbreeknaweek](#)
- [Musiekinstrumente](#)
- [3 boeke vanaf R10 elk](#)
- [Eiendom te huur](#)
- [Leerprodukte](#)
- [Buitelewe](#)
- [Werksgeleenthede](#)
- [Gesondheidsprodukte](#)
- [Eiendom te koop](#)

Versekering sluk jou geld

Die enigste manier om 30-40% te spaar is om premiums te vergelyk...

Jazz Marathon

Deluxe kamer in 5* hotel Hotel Le Plaza Brussels

Die Burger, ligdag op jou voorstoep

TEKEN IN

ONS BEVEEL AAN

[netNaweek.com](#)

Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor fleks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na [netNaweek.com](#) om te registreer.

EPOS

DRUK



Praat saam

SMS jou mening na **31067**

SMS kos 60c vir Vodacom en Cell C,
76c vir MTN



VIND

- [Kom ons kliek](#)
- [Motors](#)
- [Reis & Verblyf](#)
- [Kontantlenings](#)
- [Beligting](#)
- [Eiendomsbelegging](#)
- [Wegbreeknaweek](#)
- [Musiekinstrumente](#)
- [3 boeke vanaf R10 elk](#)
- [Eiendom te huur](#)
- [Leerprodukte](#)
- [Buitelewe](#)
- [Werksgeleenthede](#)
- [Gesondheidsprodukte](#)
- [Eiendom te koop](#)

NETADS24

Soek 'n advertensie

- Algemeen
- Loopbane
- Motors
- Eiendom

SOEK



VIND OU SKOOLVRIENDE



Kies jou skool se provinsie:

Kies

En klik op die eerste letter van jou skool:

ABCDEFGHIJKLMN
OPQRSTUVWXYZ

ONS BEVEEL AAN

[netNaweek.com](#)

Nie seker wat om die naweek te doen nie? Kry elke Vrydag netNaweek.com, propvol nuus oor die lekkerste wat die Kaap het om te bied en wen hope pryse. Die gratis e-pos sluit inligting oor fleks, teater, restaurante, uitstallings, wegbreek-naweke en sommer enige iets wat pret is om die naweek te doen in.

Gaan na [netNaweek.com](#) om te registreer.